**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2015**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *12* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | KORTVERHALE | (35) |
| AFDELING B: | GEDIGTE | (35) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord AL die vrae wat volg.

VRAAG 1: Eerste aand (François Bloemhof)

***Adèle skrik nie vir spoke nie. Hoe kan 'n mens bang wees vir iets as jy nie daaraan glo nie?***

***Daarom, toe die huis op die mark kom, het sy nie 'n oomblik gehuiwer nie. Sy kon buitendien geen van die ander beskikbare huise bekostig nie.***

***"Jy maak 'n fout," het haar vriendin, Elsa gesê. "Ek ken een van die behuisingsagente. Hy sê dit spook daar. Almal weet dit, dis dié dat niemand die huis wil koop nie."***

***"Wel, ék wil," het Adèle geantwoord. "Ek gaan vanmiddag kyk hoe lyk die plek."***

***En toe sy die huis sien, het sy dadelik geweet sy gaan dit koop. Spoke! Wie kan aan sulke goed glo as helder sonlig op die huis val en die wind liggies deur die takke roer?***

***Maar nou is sy hier, en sy voel skielik nie meer so dapper nie.***

***Dis haar eerste aand in die huis; háár huis. Sy was nog altyd skrikkerig vir groot plekke wanneer dit donker raak; in haar woonstelletjie was dit natuurlik nooit 'n probleem nie.***

1.1 Pas die stelling in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf net die nommer en die letter neer.

| | KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1.1.1 | Sy glo nie hieraan nie. | A. | Mattewis |
| | | | |
| 1.1.2 | Hierdie persoon het haar | | |
| | teen haar besluit gewaarsku. | B. | 'n Kat |
| | | | |
| 1.1.3 | Die spook. | C. | Elsa |
| | | | |
| | | D. | Spoke |
| | | | |

3

1.2 Waarom het die eiendomsagente gesukkel om die huis te verkoop? 1

1.3 Gee een verskil tussen Adèle se ou en nuwe blyplek. 1

1.4 Hoe weet ons haar kat, Mattewis, was ongelukkig? 1

1.5 Verduidelik wat gebeur het na Adèle in die bed geklim het. 2
[8]

VRAAG 2: Groete uit Alaska (Nelia Engelbrecht)

***In die kombuis loop 'n ry miere oor die tafel. Sy sal weer miergif om die huis moet gooi. Gelukkig het sy voor haar ouers se reis na Alaska navorsing daaroor op die internet gedoen. Sy weet alles van allerhande soorte gifstowwe.***

***Nadat die spyseniers die skinkborde kos neergesit het en sy die deur agter hulle toegemaak het, draf sy badkamer toe. Sy beter gou maak; die eerste mense gaan nou-nou hier wees.***

***Sy bad in haar ma-hulle se ronde marmerbad en trek vinnig aan. Nicola, haar beste vriendin, is die eerste gas.***

***"Wow, jy lyk stunning! Ook maar goed jou pa is nie hier nie, anders het hy beslis 'n aar gebars oor daai cleavage," sê Nicola terwyl hulle patio toe stap.***

***"Gelukkig kan dit hom nie pla waar hy nou is nie," sê Lomé.***

***Die party is 'n groot sukses en die laaste dronk ou stoot sy eers ná drie die oggend by die voordeur uit. Daarna val sy met klere en al op die bed neer.***

***Die volgende oggend, toe die son al hoog sit, steier sy kombuis toe.***

2.1 **Lomé het partytjie gehou om haar onafhanklikheid te vier.**

2.1.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? 1

2.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

2.2 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan net die nommer en letter neer as antwoord.

2.2.1 **Lomé se ouers is**

A. op wittebrood in Alaska.
B. dood in Alaska.
C. vermoor deur Lomé.
D. in die hospitaal. 1

2.2.1 **Die twee vrieskaste**

A. is vol vleis.
B. het twee liggame in.
C. het twee beeste in.
D. is vol ys. 1

2.3 Hoe was dit vir Lomé moontlik om al haar pa se geld in haar rekening te sit? 1

2.4 Wie het vir Lomé gebel om te hoor waar Lomé se ouers is? 1

2.5 Watter insekte het Lomé baie geirriteer? 1

2.6 Hoe het Lomé haar ouers vermoor? 2
[9]

VRAAG 3: Erik se T-hemp (Marisa Haasbroek)

***Ek kry maklik plek omdat ek alleen is: daar is mos altyd een-een sitplekke oop. Iemand speel orrelmusiek soos in die kerk. Die mense praat ook net so saggies soos in die kerk. Ek soek Erik se naam in die program, kry hom daar tussen die Grotes. Ek soek hom tussen die rye en rye studente; ek kry hom omdat hy van agter net soos sy pa lyk. Ek sluk aan 'n knop in my keel.***

***Almal staan op toe 'n lang ry professore van agter ingestap kom. Net twee van hulle loop tot op die verhoog. Die studente beweeg soos 'n lang ry miertjies teen die sytrap op, verdwyn agter die gordyne en kom een-een uitgestap soos hul name geroep word. Hulle gaan staan eers tot die fotograaf se flits geflits het en stap dan na die man wat hul name uitgeroep het. Elkeen kry 'n rolletjie papier. Daar is baie studente wat B.Com-grade kry. As die professor "cum laude" na die naam sê, klap die mense 'n bietjie harder.***

***Toe die G's begin voel ek my maag draai. Sê nou Erik val of iets?***

***"Erik Grové!" roep die professor. Erik wag vir die foto se neem, stap dan verder. Toe gaan staan hy in die middel van die verhoog en ruk sy toga oop.***

3.1 **Erik en sy ma baklei nooit nie.**

3.1.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling? JA/NEE? 1

3.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

3.2 Kies die korrekte antwoord**.** Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.

3.2.1 **Die funksie waar Erik en sy ma is, is**

A. ‘n skoolkonsert.
B. ‘n diplomaplegtigheid.
C. ‘n Idols-kompetisie.
D. ‘n gradeplegtigheid. 1

3.2.2 **Erik se pa**

A. is betrokke in sy lewe.
B. het nie in Erik en sy ma belanggestel nie.
C. het vir al sy studies betaal.
D. het na die gradeplegtigheid gegaan. 1

3.3 Pas die woorde in KOLOM B by die stelling in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| | | |
| 3.3.1 | Erik se graad | A. Gehuil |
| | | |
| 3.3.2 | Wat sy ma vir die tuisnywerheid | B. B.Com |
| | gebak het. | |
| | | |
| 3.3.3 | Al die mense het só op Erik se | C. Koeksisters |
| | T-hemp gereageer. | |
| | | |
| | | D. Opgestaan en hande geklap |

3

3.4 Hoe het Erik gehelp om vir sy universiteitsonkostes te betaal? 1

3.5 Waarvoor het Erik dankie vir sy ma gesê? 1
[9]

<u>VRAAG 4</u>: <u>Die trompet van Triton</u> (Solet Scheeres)

***“Speel jy ‘n instrument?” wil die ou man nuuskierig weet.***
***“Nee, ek hou nie regtig van musiek nie.”***
***“Dit is jammer,” sê die ou man en kyk ver uit oor die see.***
***“Musiek is my hartslag. As ek nie musiek kan maak nie, sal my hart vanself ophou klop.”***
***“My pa,” sê ek kwaad, “my pa is ‘n dirigent. Hy reis van land tot land om orkeste te dirigeer. Ek sien hom byna nooit. As ek hom sien, gaan alles net oor musiek. En die een keer per jaar as dit sy beurt is om my vir die vakansie te***

***kry, sleep hy my saam met hom na 'n winterskool vir musikante op so 'n stupid eiland soos dié."***
***"Ja, hier is nie veel vir jongmense om te doen in die winter nie," sê die ou man ingedagte. "Kyk ..." Hy sit die skulp terug in sy sak. "Kyk 'n bietjie of jy 'n geluid uit die trompet kan kry."***
***Ek druk my lippe teen die mondstuk van die trompet en blaas met al die krag wat ek het. Niks gebeur nie.***
***Die ou man lag diep uit sy maag. "So gaan jy nooit 'n geluid uitkry nie. Sê mmm."***
***"Mmm."***

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

**Die trompet van Triton is**

A. 'n skulp
B. 'n trompet
C. 'n vis
D. 'n meerman 1

4.2 **Die musiek aan die begin van die verhaal het die meisie vrolik laat voel.**

4.2.1 Is bogenoemde stelling WAAR/ONWAAR? 1

4.2.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

4.3 Haal vier opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê hoe die ou man oor musiek voel. 1

4.4 Watter bynaam het die ou man vir die meisie gegee? 1

4.5 Gee een rede waarom die meisie so kwaad vir haar pa is. 1

4.6 Watter werk doen haar pa? 1

4.7 Wie was die ou man? Gee sy naam. 1

4.8 Wat was die goeie nuus wat sy aan die einde vir haar pa gegee het? 1
[9]

**TOTAAL AFDELING A: [35]**

## AFDELING B: GEDIGTE

Bestudeer elke keer die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Vraag 5: Die Verlosser

**Die Verlosser (David Kramer)**

Vir ses lang jare het dit nooit gereën nie
Die staalblou hemel het ons nooit geseën nie
Die bokke ennie skape die diere het gevrek 1
Moedeloos het ons kop geskud
Die kerk was vol ons het hard gebid
Die ryk mense hulle het almal weggetrek

Een Saterdagmiddag toe die son gaa' sak
Kom daar 'n vreemdeling aangestap
Hy dra 'n kitaarding in sy hand 2
Hoe oud hy is kan ekkie sê nie
Niemand weet wat hy wil hê nie
Vir my lyk hy nogal moeilik en astrant

Ek is die verlosser
Wat die reën kan bring
Ek is die man wat vir die wolke sing 3
Al wat ek wil hê is om met jul mooiste kind te trou
Die mense het gelag
Hulle sê ja-nee
Bring vir ons die reën
Dan sal ons jou iets gee
Maar die mooiste een
Ons sal later besluit oor die mooiste een vir jou

Elke uur vir 'n dag of twee
Dans die verlosser met sy skaduwee
Toe sien ons maa' hier kom 'n wolkie oor'ie rand 4
Die hemel trek toe en die weerlig slaan
Die verlosser dans dat die stof so staan
Daai aand val die reën
En dit seën die droë land

Dit reën en reën vir 'n week of twee
Almal wil iets vir die verlosser gee
Almal is so dankbaar en so bly 5
Ons braai vir hom worsies
Ons skink vir hom dop
Hy eet tog te lekker en hy skud sy kop
Hy sê: Jou mooiste dogter
Bring haar nou na my

Almal kyk vir almal

Almal is verstom
Ons dink hy maak 'n grap 6
En ons lag lekker vir hom
Hy sê : Belofte is belofte is dit nie?

Ons sal jou betaal
Sê net wat jy wil hê
Jou mooiste kind 7
Ek het in die begin so gesê
Maa' nou kan ek sien niemand gaan haar aan my gee

Hy vat sy baadjie
Hy vat sy tas
Elke ouer hou sy kind styf vas 8
Die verlosser sê: Dis nou jammer,
Mense ek moet waai

Hy vat sy kitaar stap die Hoogstraat af
Niemand praat nie, net die honne blaf
Maa' almal dink ja loop, loop maa' in jou maai 9
Die volgende oggend toe die hane kraai
In elke huis hoor ons dieselfde lawaai
Mammas skree: Ons kinders het verdwyn

Ons soek die dorp deur; roep hulle name
Heen en weer in elke ou kamer
Maa' al wat ons hoor is die verlosser se refrein 10

Jaar na jaar het die reën gekom
Ons het ryk geword
Die veld het geblom 11
Nogtans het ons dorpie agteruit gegaan

Ons kon nie lag nie
Die kos had nie geur nie
Ons kon nie praat nie 12
Wis nie wat het gebeur nie
Maa' die les van die verlosser
Het almal nou verstaan

5.1 Watter natuurramp het hierdie dorpie getref? 1

5.2 Haal 'n versreël aan wat vir ons sê hoe die mense van die dorpie gevoel het in strofe 1. 1

5.3 **Die vreemdeling het in die middel van die week daar aangekom.**

5.3.1 Is die stelling WAAR/ONWAAR? 1

5.3.2 Bewys jou antwoord deur een versreël aan te haal. 1

5.4 Die man het gesê hy sal die natuurramp wegvat. Wat wou hy vir sy moeite (trouble) hê? 1

5.5 Watter twee dinge het die mense vir die verlosser gegee om te eet en drink ? 2

5.6 Hoekom het al die mammas die volgende dag na die verlosser weg is, geskree? 1

5.7 Wat was die les wat die verlosser hierdie mense geleer het? 1
[9]

Vraag 6: Wanneer dinge skeef loop

### Wanneer dinge skeef loop **(Fanie Viljoen)**

**In die Humans se huis**
**loop dinge soms skeef.**
**Dis asof iemand anders**
**saam in hulle ou huis leef.**

**Soms skuif ‘n portret**
**vanself onderstebo.**
**Of soms kraak ‘n vloer**
**dat jy jou ore nie glo.**

**Soms klap ‘n kamerdeur**
**vanself sommer toe.**
**Of soms sê ‘n spookstem**
**hier agter jou: “Boe!”**
**“Genoeg is genoeg!”**
**kla die Humans oplaas.**
**(Dit was die dag**
**toe die yskas opblaas.)**

**“Ons trek!” roep die Humans**
**en begin dadelik te pak.**
**Later daardie middag**
**staan die sleepwa gehaak.**

**“Wat nou?” vra die buurvrou**
**toe sy die pakkasie ontdek.**
**En die spook in die kas sê:**
**“Ma’ ka’ jy nie sien nie? Ons trek!”**

6.1 Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. 1

6.2.1 Het die spook ooit met die mense in die huis gepraat? JA/NEE? 1

6.2.2 Bewys jou antwoord deur twee versreëls aan te haal. 1

6.3 Noem twee dinge wat in die Humans se huis skeefgeloop het. 2

6.4 Hoe het die Humans hulle probleem probeer oplos? 1

6.5.1 Dink jy die Humans het ontslae geraak van hulle probleem?
JA/NEE? 1

6.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1
[8]

Vraag 7: Klara Majola

Klara Majola

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader,
maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluim
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

D.J. Opperman

7.1 Pas die beeldspraak in KOLOM B by die voorbeeld in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.1.1 "en kromgetrek soos wingerdstok" | A. Alliterasie |
| 7.1.2 "die koue geweld sif stadiger" | B. Kruisrym |
| 7.1.3 "vader, haal, vergader, verdwaal" | C. Vergelyking |
| | D. Personifikasie |

3

7.2 Watter gebrek het haar pa gehad? 1

7.3 Haal vier opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê watter tyd van die dag sy na haar pa gaan soek het. 1

7.4 Watter werk het die pa gedoen? 1

7.5 Hoe het dit gebeur dat Klara verdwaal het? 1

7.6 Waarom word haar arms en bene met 'n wingerdstok vergelyk? 1

7.7 Waarom het Klara met 'n warm hart gesterf? 1

[9]

<u>Vraag 8</u>: <u>Helde</u>

# Helde

**Elizabeth Conradie**

Helde kan van oral kom:
van Qunu of van Wellington.
Ook Vredendal is nie te saai nie.
Geen plek is te versmaai nie.
Kyk nou net vir Heidelberg,
of Bloemfontein, dis net so reg.
Selfs in 'n plek soos Welkom
kan helde helder blom.

Die grootte van die plek
Maak glad nie saak.
Dit is die grootte van die hart
wat helde maak.

8.1 Noem die rymskema wat in strofe 1 voorkom. 1

8.2 Watter ikoon kom van Qunu? Gee sy naam en sê waarvoor hy bekend was. 2

8.3 **"<u>h</u>elde <u>h</u>elder blom"**

8.3.1 Noem die beeldspraak wat hier voorkom. 1

8.4 Wat is die denotiewe betekenis van 'n held? 1

8.5 Noem twee ander plekke in die gedig waar ons ook helde kan kry. 2

8.6 Wat, volgens die gedig, maak van iemand 'n held? Haal een versreël as antwoord aan. 1

8.7 Wie is jou held? Hoekom? 1

[9]

**TOTAAL AFDELING B: [35]**

**SOMTOTAAL: [70]**